**Dr. M.C.A. Seyffert**
**Departement Afrikaans-Nederlands**

# DIE PLEK VAN DIE VAKDIDAKTIEK BY ONDERWYSERSOPLEIDING

Vakdidaktiek worstel al baie jare lank om 'n regmatige plek in die son te kry. Dat die belang van vakdidaktieke die afgelope dekade deur sommige instansies ingesien is, kan seker aan die stigting van afsonderlike departemente vir vakdidaktieke binne die fakulteite van Opvoedkunde aan sommige universiteite toegeskryf word. 'n Onlangse vakdidaktieksimposium deur die Departement Didaktiek en Vergelykende Opvoedkunde van UNISA wat deur vakdidaktici vanoor die hele land en buurstate bygewoon is, het die miskende deelwetenskap van die Opvoedkunde permanent op die kaart geplaas. Waarom dan die nuwe belangstelling in die vakdidaktieke?

- Dit spruit uit 'n verset teen die tradisie dat die besondere vakdepartement vir sy vakdidaktiek verantwoordelik was. Vakdidaktici is binne die stelsel as handige persone beskou om oral na gelang die besondere departement se behoeftes te gebruik en met betrekking tot tyd en inset kon daar nie op hoogte gebly word met die ontwikkeling van die vakdidaktiese teorie nie. Hierdie toedrag van sake was in sommige gevalle grootliks daarvoor verantwoordelik dat vakdidaktiek in 'n blote resepmatige aanbieding verval het.

- Navorsing in die Onderwyskunde het ook getoon dat die kwaliteit van vakonderrig op skool grootliks saamhang met die kwaliteit van vakdidaktiese opleiding aan onderwysstudente.

- Die onaanvaarbare bewering dat vakdidaktieke in vergelyking met ander deelwetenskappe van die Opvoedkunde 'n agterstand het, is onwaar. Eerstens is die vakdidaktiek so oud soos die onderriggeskiedenis van daardie besondere vakwetenskap; tweedens het die kwaliteit van navorsing in die jongste jare bewys gelewer dat dit 'n waardige deelwetenskap van die Opvoedkunde geword het.

- Gedurende die afgelope kwarteeu was daar dwarsoor die wêreld 'n geweldige aanvraag na onderwys en veral hier te lande is die vraag ongekend, byvoorbeeld in die jaar 2 000 word verwag dat ongeveer 180 000 Swartleerlinge hulle vir die matrikulasie-eksamen sal aanmeld. Die pogings wat dus aangewend word om die standaard van onderwys te verbeter, sal toenemend gerig wees op verbeterde programme vir die opleiding van onderwysers.

- *Die plek van die vakwetenskap*

Opvoedkundiges wil soms binne die omvang van die Vakdidaktiek 'n mindere rol aan die vakwetenskap toeken. 'n Wetenskaplik gefundeerde kennis van die betrokke vak is 'n vereiste, want die struktuur van die vak determineer ook die verbesondere didaktiek. Binne die terrein van die Vakdidaktiek moet die doel en struktuur van die vakwetenskap 'n meer prominente plek kry. So sal 'n geïntegreerde literatuurbeskouing 'n duidelike vaktipiese effek op die didaktiek van die bepaalde vak hê. By moedertaalonderrig sal die doel anders wees as by dié van die tweede taal of vreemde taal; vanselfsprekend sal dit die didaktiek bepaal. Die vakwetenskap word ook vanuit 'n bepaalde religieuse grondmotief bestudeer en geëvalueer en die didaktiese situasie sal vanuit die bepaalde lewensbeskoulike perspektief hanteer word.

- *Die plek van die vakdidatiek*

Vakdidaktiek is 'n deelwetenskap van die Opvoedkunde en het suiwer betrekking op onderwysopleiding en die mate wat die verworwe kennis en vaardighede later in die skoolpraktyk deur onderwysers toegepas word. Verder behoort bruikbare navorsingsresultate deur die vakdidaktici vir praktiserende onderwysers deur middel van vakverenigings aan oudstudente oorgedra te word. Dat Vakdidaktiek 'n suiwer toegepaste wetenskap is, is ook net gedeeltelik waar. Alhoewel die Vakdidaktiek 'n verbesondere didaktiek is en onderwyskundig toegespits is, is dit tog afhanklik van die uitgangspunte en navorsingsresultate van die ander deelwetenskappe van die Opvoedkunde. Hierdie interafhanklikheid is natuurlik geldend vir elke afsonderlike deelwetenskap van die Opvoedkunde. Die Vakdidaktiek as deelwetenskap van die Opvoedkunde moet dus sy eie prinsipiële en onderwyskundige teoretiese begronding hê. Dit moet ook in staat wees om sinvolle vernuwing en navorsingsresultate betekenisvol vir die praktyk te maak.

- *Taak en terrein van Vakdidaktiek*

Dit is noodsaaklik om by onderwysopleiding 'n werkbare model vir die vakdidaktieke te hê. Eerstens is dit noodsaaklik om oorvleuling met Didaktiese Opvoedkunde en Onderwyskunde te verhoed; tweedens om die verbesondering van aspekte van die Didaktiese Opvoedkunde op 'n spesifieke vak toe te pas, maar steeds erkenning aan die belangrikheid van die aard en struktuur van die vak te gee. Die vakdidaktikus, anders as die dosent in die ander deelwetenskappe van die Opvoedkunde en dié in die vakwetenskappe, moet kundigheid verwerf nie net in sy bepaalde vak-

wetenskap nie, maar ook in die Didaktiek en Onderwyskunde. Nagraadse opleiding in die bepaalde vakwetenskap tot op die M-vlak gepaard met 'n B.Ed-graad of andersom, blyk na 'n bevredigende toerusting vir die vakdidaktikus te wees.

Die meegaande skematiese voorstelling belig die omvang van die terrein van die vakdidaktieke. Hieruit is dit duidelik dat die vakdidaktieke as deelwetenskap van die Opvoedkunde duidelik op die onderwys-in-funksie gerig is. Vakdidaktieke behels nie teoretiese opvoedkundige spekulasies of voortsetting van inhoudsgegewe oor die vak nie. Vakdidaktiek moet vanuit 'n bepaalde lewensbeskoning aangebied word en die vaktipiese leerinhoud kan alleenlik in afhanklikheid van alle deelwetenskappe van die Opvoedkunde, maar veral van die verbesondere Didaktiek en die toegespitste Onderwyskunde aangebied word. Die fokuspunt van die vakdidaktieke is die onderwyspraktyk en die onderwysstudent word deur sy opleiding op wetenskaplike wyse deur die vakdidaktikus begelei sodat hy eendag kennis van 'n vakwetenskap (Afrikaans, Engels, ens.) vrugbaar aan die leerlinge kan onderrig.

**TAAK EN TERREIN VAN VAKDIDAKTIEK**

